

Skriflesing: Joh 20:1-18

Tema: Die Here se verhaal met jou.

Ek wil vir julle Maria se verhaal vertel asof sy self hier is en haar verhaal vertel:
Ek is Maria Maria Magdalena. Ek word so genoem, want ek het grootgeword op die dorpie Magdala, naby die see van Galilea.

Ek wil sommer dadelik sê dat my verhaal nie my verhaal is nie. Dit is die Here se verhaal met my.

In my tyd was daar glad nie plek vir vroue in die samelewing en ook nie in die kerk nie. Manne moes namens hul vroue offers bring. Later is ons darem in die kerkgebou toegelaat, maar ons moes ons plek ken. Ons moes eenkant, so amper buite sig, bly. Ons moes boonop stilbly, iets wat nogal moeilik vir ons as vroue is!

Ek is, soos dit vandag maar nog die geval is, deur ander verag en vermy, omdat ek van duiwels besete was. Jesus het my lewe totaal verander toe Hy 7 duiwels uit my uitgedryf het. Ek wil dadelik vir julle sê dat dit uit my verhaal baie duidelik is dat niemand van julle te sleg is vir die Here nie. As Hy met my kon moeite maak, sal Hy dit sekerlik ook met jou doen.

Nadat Jesus duiwels uit my uitgedryf het, het my lewe onherroeplik verander. Ek het omgee vir ander. Ek het saam met die Here gereis en gesorg vir die groep wat saam met Hom beweeg het. My lewe het om Jesus gedraai. Ek was by toe hulle my Here kruisig het. Toe al die mans behalwe Johannes weggehardloop en weggekruip het, was ek een van die vroue by Jesus. Ek was tot die einde by Hom. Toe Hy sterf, was ek baie hartseer. Op Vrydagaand het ons Hom begrawe.

Saterdag was sabbatdag, die dag waarop ons nie veel mag doen nie.

Op Sondagoggend is ek vroeg graf toe. Ek wou Sy liggaam klaar gaan balsem, want Vrydagmiddag het ons net nie genoeg tyd gehad nie.

Daar maak ek die verskriklike ontdekking dat die klip wat voor die graf was, weggerol is. Ek het nie verwag dat Hy sou opstaan nie. Sy liggaam was nie daar nie. Waar was Hy? Ek het ontsteld terug gehardloop en vir Simon Petrus en Johannes die skokkende nuus gebring: "Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons weet nie waar hulle Hom nou begrawe het nie."

Petrus en Johannes het die graf leeg gevind, net doeke het daar gelê. Die doek wat ons om Jesus se kop gedraai het, het iewers eenkant gelê. Dit was netjies opgerol. Dit was vir my die bewys dat niemand Sy liggaam gesteel het nie. As hulle dit wou doen, sou hulle haastig gewees het en Sy liggaam met doeke en al weggevat het.

Ek was verward, ek kon nie sin maak van die gebeure nie.

Die dissipels het huis toe gegaan. Ek sal manne seker nooit verstaan nie. Ek het hartseer by die graf rondgestaan. Ek kon myself nie so ver kry om weg te gaan nie. Soos die gebruik was, het ek hardop gehuil-weeklaag. My lewe het in duie gestort. Jesus is dood en Sy liggaam is weg.

Moenie vir my vra hoekom nie , maar ek het gebuk en in die graf ingekyk en daar het twee engele gesit. Hulle het vir my gevra: "Mevrou, waarom huil jy?" Ek het hulle antwoord: "Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie." Toe draai ek om en iemand - ek het gedink dit was die tuinopsigter - vra weer vir my: "Mevrou, waarom huil jy? Vir wie soek jy?" Ek wil eerlik vir julle sê dat ek het nie na 'n persoon gesoek nie, maar na 'n lyk. Ek het hom geantwoord: "Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het en ek sal Hom daar gaan haal."

Toe sê die man vir my: "Maria"

Ek het Sy stem geken, daar is net een met so 'n stem. Ek het nie twyfel nie: dit was Jesus Drie maal het ek tekens gesien dat Hy leef. Ek het die klip, die engele en die tuinopsigter gesien, maar ek kon nie glo dat Hy opgestaan het nie. Die Here het nie met my ongeduldig geword nie. Hy het bly soek na my. Hy noem my op my naam. Hy het opgestaan! Hy leef!

Met onbeskryflike opgewondenheid en vreugde het ek Hom as my Leermeester gegroet. Ek kan nie vir julle vertel hoe vol dankbaarheid ek was nie. Ek hoop jy voel ook so oor die opgestane Here!

Ek wou Jesus net vashou. Hy moes nooit weer weggaan nie. Maar Hy wou nie vasgehou word nie. Hy was oppad om op te vaar hemel toe. Sy verskyning was net tydelik. Jesus het my na die dissipels toe gestuur met 'n boodskap. Waar ek die eerste keer na die dissipels toe is vol hartseer, angs en onsekerheid, omdat ek gedink het dat Jesus se liggaam gesteel is, was dit hierdie keer totaal anders. Hierdie keer was ek gevul met vreugde. Trane het plek gemaak vir hemelse vreugde. My traagheid was weg. Ek kon nie wag nie.

Ek moes gaan vertel: "Ek het 'n lyk gesoek en dit nie gekry nie. In plaas daarvan het ek die lewende Here gesien. Hy het met my gepraat!" Ek het vir dissipels vertel: "Ek het die Here gesien!" Ek ook vir hulle vertel dat Hy gesê het dat Hy opvaar na Sy Vader en God wat ook hulle Vader en God is. Jesus het opgestaan. Hy het ons sonde en dood oorwin. Die sondeskeiding tussen ons en God is weg. Sy Vader en God is ook nou ons Vader en God.

Dit is my verhaal of eerder, soos ek aan die begin gesê het, dit is die Here se verhaal met my. Hoe klink jou verhaal op opstandingsondag? Dalk is jou lewensverhaal glad nie indrukwekkend nie. Of erger, dalk het jy ook al in diep sondeduisternis geval. Weet dat niemand vir die Here te sleg of te onbelangrik is nie.

En weet dat jou Here en Leermeester opgestaan het. Hy leef! Boeddha, Mohammed en al die ander is dood en begrawe. Boeddha se lyk is verbrand en die as is in 8 dele verdeel. Mohammed se graf met sy stoflike oorskot is in die Groot Moskee in Medina. Jesus se graf is leeg. Jesus het opgestaan. Daarom is by ons nie plek vir traagheid, vreugdeloosheid en vrees nie. Sy opstanding vul ons lewens en Sy kerk met hemelse vreugde, heerlike sekerheid en ontembare passie. Daarom kan ons nie by ons opgestane Here bly staan nie. Nee, Hy stuur ook vir jou uit. Gaan vertel die wêreld en wys vir hulle met jou nuwe lewe: "Ek het die Here gesien!"

Amen